**Dinsdag 14 Julie**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 9:21-29**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 9:26**
**Dank God vir sy lankmoedigheid waarin Hy jou om Christus wil vergewe**

Moses skets verder die gruwelike gebeure terwyl hy op die berg was in die HERE se teenwoordigheid. Die volk het ’n stuk sonde gemaak in die beeld van ’n kalf. Die beeld wat verbrand en fyn gemaal is. Hy het die stof toe in die spruit gegooi wat van die berg af kom. Moses herinner die volk aan hulle optrede in die verlede by Tabera en Massa en Kibrot-Taäwa waar hulle die HERE vertoorn het. Ook die optrede toe hulle die HERE nie vertrou het nie (vs 23) en voortdurend in opstand teen die HERE was (vs 24).

Moses het hom weer voor die HERE neergewerp. Weer 40 dae en 40 nagte in smaad en pleitend vir die volk. *“HERE my Heer, moet tog nie u volk, u eiendom wat U in u grootheid vrygekoop het en wat U uit Egipte uitgelei het met ’n sterk hand, uitroei nie.”*

In ons oordenking van gister en ook vandag lees ons hoe Moses in sy eerbied vir God en in sy hartseer oor die volk se optrede vir die hardkoppige volk ingetree het. Ons Here Jesus Christus het ook vir ons in eerbied vir God Homself gegee en nie aan sy eie behoeftes gedink nie. Hy het ook ter wille van ons Homself tot in die dood gegee sodat ons kan lewe. Sy Heilige Gees maak ons harte nuut om dankbaar voor God te kan leef en Hom te kan eer.

*Sing: Psalm 25-1:5*
*Ds. MP Fourie (Emeritus)*